# Sokker Soccer Sokker Soccer

## Viva España!

Sokkerkoors loop hoog in Potchefstroom met 'n groep professionele Flamenco dansers wat in die Drakenstein-restaurant op die Pukkampus optree.

Hulle vertoning sluit ook 'n tikkie Afrika in met die Via Katlehong-groep van Johannesburg wat "gumboot" danse doen.

Die optredes is 'n inisiatief van die Spaanse ambassade en die El Rincon Flamenco-groep van Johannesburg is vir die optredes gekontrakteer.

Die dansers sal vertonings om 22:30 en 23:30 op 17-19 Junie, 22 en 23 Junie, 26 en 27 Junie en 30 Junie en 1 Julie in die Drakenstein Restaurant op die Pukkampus lewer. Toegang is gratis.

Indien die Spaanse sokkerspan deurdring na die kwalifiserende rondtes sal verdere vertonings ook gehou word.

Vir navrae skakel Marius Horn by 018 299 1113.




Mnr. Bertus le Roux het dié koerant vanaf Spanje saamgebring waarop die naam "Potchefstroom" op die voorblad pryk. Binne-in die koerant is ook 'n kaart wat wys waar Potchefstroom in Suid-Afrika is.

## Blyke van waardering vir ALS-werkers

Ná me. Maureen Modiselle, NW-premier, onlangs die nuwe deel van die aanloopbaan by die lughawe geopen het, het sy besluit om 'n blyk van waardering aan die werkers wat aan die projek gewerk het, te gee.

Modiselle en mnr. Mahlakeng Mahlakeng, NW-LUR vir openbare werke, paaie en vervoer, het werkers weer eens bedank vir hul bydrae.

Werkers het Bafana Bafana-sokkerhemde en -serpe in die Suid-Afrikaanse vlag se kleure as 'n spesiale dankie ontvang.

Mnr. Johan Janse van Rensburg, die ALS-groep se hoof uitvoerende beampte, het ook 'n verrassing vir werkers gehad.

Daar is gereël dat elke werker vir 'n rit in 'n 10-sitplekvliegtuig om die dorp kon vlieg.

Die werkers was baie ingenome met dié blyke van waardering.



Mnr. Lucas Ramaumane, ALS-werker, bedank me. Maureen Modiselle, NW-premier, en mnr. Mahlakeng Mahlakeng, NW-LUR vir openbare werke, paaie en vervoer, vir hulle geskenke.



'n Werker, wat nooit gedink het hy sou ooit in sy lewe vlieg nie, ná die verrassingsrit.




Spanje het in Potchefstroom gearriveer en Agricol was daar om vir hulle te wys wie hulle sokkervelde se gras verskaf het.